# HOOFSTUK 6.

## POLITIEKE ORIëNTASIE ONDER DIE DUITSERS, 1919 - 1925.

### 6.1. DIE POSISIE VAN DIE DUITSERS IN 1919.

Die posisie van die Duitsers in Suidwes-Afrika was 'n netelige kwessie wat die Unieregering vele hoofbrekens besorg het. Die ander mandaathouers het nie dieselfde probleme as die Unie van Suid-Afrika ondervind nie, aangesien hulle die meeste Duitsers gerepatrieer het. Die Unie het egter 'n mensliker houding ingeneem deur slegs 'n gedeelte van die Duitse bevolking van Suidwes-Afrika te repatrieer. Hierdie welwillendheid het grotendeels gespruit uit ekonomiese en politieke oorweginge. Indien so 'n groot en vooruitstrewende gemeenskap as geheel gerepatrieer sou word, sou dit die ontwikkeling van die gebied onherstelbare skade berokken. [1.]

Die kwessie van naturalisasie van Duitse burgers sou gevolglik heelwat aandag geniet, aangesien daar nie 'n grootskaalse repatriasie was nie. Die politieke oriëntasie van Duitse burgers deur die Unieregering was so suksesvol dat daar in 1925 slegs 'n klein persentasie nie burgerskap van die Unie wou aanvaar nie.

Die totale aantal Duitsers wat teen die einde van 1919 gere-

---

1. L.H. Wessels: Die Mandaat vir Suidwes-Afrika, p.52.

patrieer is, was as volg:

| Groepe | Mans | Vrouens | Kinders | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Militêre personeel | 1 491 | 56 | 72 | 1 619 |
| Amptenare | 484 | 284 | 458 | 1 226 |
| Polisie | 349 | 189 | 335 | 873 |
| Ongewenste persone (en hulle gesinne) | 617 | 208 | 398 | 1 223 |
| Vrywilligers | 754 | 302 | 377 | 1 433 |
| | 3 695 | 1 039 | 1 640 | 6 374. [2] |

(vgl. fig.1)

Die Duitsers was oor die algemeen tevrede met die Unieregering se hantering van die naturalisasiekwessie, aangesien daar nog ongeveer 6 000 Duitsers in Suidwes-Afrika was.[3] Tydens generaal J.C. Smuts se besoek het die heer Schlettwein namens die inwoners van Outjo 'n verwelkomingswoord aan die Eerste Minister gerig. Hy het met die volgende woorde sy dank uitgespreek oor die feit dat soveel Duitsers in Suidwes-Afrika mag aangebly het: "Dem Wohlwollen der Unionsbürger verdanken wir es, wenn wir hier bleiben durften." * [4]

Die Unieregering het 'n streng beleid rakende die hertoelating van gerepatrieerde Duitsers gevolg. Militêre amptenare wat

---

2. U.G. 40-1920: Rapport van de Administrateur voor het jaar 1919, p.4.

3. U.G. 34-1919: Rapport van de Administrateur voor het jaar 1918, p.23.

* "Ons is dankbaar dat ons weens die welwillendheid van die Unieburgers hier mag bly."

4. Allgemeine Zeitung, 18.9.1920.





Fig.1 (a.) Die verhouding van verskillende groepe persone wat teen die einde van 1919 gerepatrieer is met die verhouding tussen mans(m), vrouens(v) en kinders(k.)

Fig.1 (b.) Die verhouding van mans: vrouens: kinders van die 6374 persone wat gerepatrieer is.

gerepatrieer is, is toegelaat om terug te keer indien hulle of hul bloedverwante vaste eiendom in Suidwes-Afrika besit het wat hulle onderhoud asook hulle reisuitgawes vanaf Duitsland, gewaarborg het. Gerepatrieerde staatsamptenare en polisie kon op dieselfde voorwaardes as wat vir militêre amptenare gegeld het, terugkeer. Vrywillige gerepatrieerdes is toegelaat om onder bepaalde voorwaardes terug te keer. So byvoorbeeld moes hulle oor 'n onbesproke karakter beskik, grond besit of oor enige ander belange beskik wat voldoende was vir hulle onderhoud. Diegene aan wie werk belowe is of wat ondersteun is deur familie betreffende hulle lewensonderhoud of reiskoste vanaf Duitsland, mag ook teruggekeer het en laastens moes hulle hul koste in verband met hulle repatriasie aan die Unieregering terugbetaal. Ongewenste persone is slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat om terug te keer en mits hulle oortredings, wat voor of tydens die Unie-oorname gepleeg is, nie van 'n ernstige aard was nie. Verder moes hulle 'n goeie getuigskrif van die distriksmagistraat bekom waar hulle vroeër woonagtig was en in besit wees van vaste eiendom of ander belange wat voldoende was vir hulle lewensonderhoud.[5]

Die volgende tabel toon die getal gerepatrieerdes aan wat toegelaat is om terug te keer na Suidwes-Afrika teen Februarie 1921:

---

5. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.32 item 109: Memorandum re immigration, 30.7.1921, pp.1-2.

| Groepe | Mans | Vrouens | Kinders | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Militêre personeel | 1 | - | - | 1 |
| Amptenare | 5 | 1 | 2 | 8 |
| Polisie | 2 | - | - | 2 |
| Ongewenste persone (en hulle gesinne) | 2 | 3 | 7 | 12 |
| Vrywilligers | 3 | 4 | 2 | 9 |
| | 13 | 8 | 11 | 32 |

In teenstelling met die klein getal gerepatrieerdes wat toegelaat is om terug te keer, is daar in die ooreenstemmende tydperk aan 761 gewenste immigrante permitte toegestaan om hulle in Suidwes-Afrika te vestig. (vgl. fig.2) [6.]

## 6.2. DIE STIGTING VAN DIE SÜDWEST VEREENIGING.

Die eerste politieke vergadering sedert die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het op 13 Oktober 1919 in Windhoek plaasgevind. Die sameroepers, onder andere A. de Wet, K. van Aard en dr. R. Hartig, moes spesiale toestemming verkry vir die hou van die vergadering vanweë die bestaande krygswetmaatreëls. Ongeveer 300 persone het die vergadering in die Hotel Stadt Windhuk bygewoon. Die doel van die vergadering was as volg:

- Die instelling van 'n organisasie om die wense van die Blanke Suidwesters betreffende die politieke toekoms van Suidwes-

---

6. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.32 item 109: Return of persons to whom permits to enter South West Africa from oversea were granted since the repatriation period, 3.2.1921.





Fig. 2 (a.) Die verhouding van verskillende groepe persone wat teen Februarie 1921 toegelaat is om na Suidwes-Afrika terug te keer met die onderskeid tussen mans(m), vrouens(v) en kinders(k.)

Fig. 2 (b.) Die verhouding van mans: vrouens:kinders van die 32 persone wat toegelaat is om terug te keer.

Afrika aan die Unieregering oor te dra.
- Die beoogde organisasie moes samewerking tussen die verskillende Blanke kultuurgroepe bevorder.

Tydens die vergadering is 'n komitee, bestaande uit vyf Duitsers en vyf Afrikaners, aangewys wat genoemde oogmerke moes bevorder. Die Afrikaanse lede was dr. Lorentz, A. de Wet, L. van Aardt, H. de Jager en G. Joubert, terwyl dr. Hartig, Kock, Hiller, Schaeppe en Böckelmann die Duitsers verteenwoordig het. Op voorstel van L. van Aardt het die nuwe organisasie die Südwest Vereeniging geheet. [7.] Die gees van samewerking wat tydens die vergadering geheers het, was 'n welkome teken. Die Suidwesters sou voortaan met vele probleme te kampe hê en 'n gees van verdeeldheid kon die vooruitgang op vele terreine strem.

## 6.3. DIE NATURALISASIEKWESSIE.

Die naturalisasie van die Duitse burgers in Suidwes-Afrika was een van die moeilikste vraagstukke wat die Unieregering moes oplos. Die Duitsers met hulle unieke kultuur en vurige vaderlandsliefde sou bitter moeilik Unieburgerskap aanvaar.

### 6.3.1. VERSKILLENDE GESIGSPUNTE.

Generaal J.C. Smuts het tydens sy besoek aan Suidwes in 'n Windhoekse toespraak op 16 September 1920 die Duitsers se staatkundige posisie uiteengesit. Volgens hom kon die Duitsers

---

7. Allgemeine Zeitung, 16.10.1919; The Windhuk Advertiser, 17.10.1919; Die Voortrekker, 21.10.1919.

nie na die Volkebond opsien vir beskerming nie, aangesien die organisasie hoofsaaklik oor die Nie-Blankes moes toesig hou. Hulle kon hulle ook nie op Duitsland verlaat nie, aangesien dié land volgens die Vredesverdrag van Versailles afstand gedoen het van sy kolonies. Die Duitsers moes hulle dus verlaat op die Unie van Suid-Afrika. Die enigste oplossing, volgens Smuts, was dat die Duitsers Unieburgers moes word. Indien die Duitsers nie Unieburgers sou word nie, kon hulle ook geen aandeel hê in die politieke administrasie van Suidwes-Afrika nie. Die Unieregering sou egter nie druk op hulle uitoefen nie en hulle moes uit vrye wil Unieburgers word.[8.]

Administrateur G.R. Hofmeyr was van mening dat dit nie prakties was of nodig sou wees om die Duitsers te vra om afstand te doen van hulle Duitse burgerskap nie. Hy het dus voorgestel dat die ou proklamasie van 7 Oktober 1795 van generaal Clarke, vise-admiraal Elphinstone en majoor-generaal Craig gevolg moes word. Daar moes dus 'n proklamasie uitgevaardig word, waarin verklaar word dat alle persone wat in Suidwes-Afrika woonagtig was en dus die beskerming van die Unie van Suid-Afrika geniet het, as Unieburgers beskou sou word, ondanks die feit dat hulle nie sodanige eed afgelê het nie. Sodanige persone sou dan dienooreenkomstig alle regte, voorregte en verpligtinge hê wat aan die status verbonde was. Daar moes verder ook voorsiening gemaak word vir diegene wat nie Unieburgers wou word nie, sodat hulle binne 'n spesifieke tyd hulle beswaar aan die Administrasie kon oordra.[9.]

---

8. The Windhuk Advertiser, 22.9.1920.

9. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.32 item 109: Memorandum by the Administrator on the administration of the territory of South-West Africa since his assumption of duty on the 18th October, 1920, 4.1.1921, p.13.

Die parlementêre kommissie insake die toekomstige regeringsvorm vir Suidwes-Afrika, die De Wet-kommissie, het hulle as volg oor die naturalisasiekwessie uitgespreek: "Your Commission is of opinion that there is no other way in which aliens residing in the Mandated Territory can acquire the right to take part in the administration of the country in which they have made their home than by becoming citizens of the State which, under the Mandate, is charged with the administration of that country as an integral part of that State's own territory."

Die Kommissie het dus aanbeveel dat 'n spesiale wet vir die verkryging van dié vereiste burgerskap uitgevaardig moes word. Daar het twee metodes bestaan: Die Britse nasionaliteit kon individueel aan elke volwasse manlike persoon toegeken word wat op 'n sekere tydstip, byvoorbeeld 1 Augustus 1914, in die gebied woonagtig was en wat binne die tydperk van byvoorbeeld een jaar na die afkondiging van die wet te kenne sou gee dat hy 'n Britse onderdaan van die Unie wou word. Die ander metode was om elke volwasse Duitse burger in Suidwes-Afrika op die dag van die afkondiging van die wet tot Britse onderdaan te verklaar, tensy hy byvoorbeeld binne een jaar na afkondiging van die wet sy begeerte sou uitspreek om nie 'n Britse onderdaan te word nie. Die Kommissie het voorkeur aan die tweede metode gegee, aangesien hulle besef het dat die moontlikheid baie groot was dat die Duitsers nie self om Britse burgerskap sou vra nie en dat, indien die eerste metode gevolg sou word, dit makliker vir invloedryke persone sou wees om hulle landgenote oor te haal om nie vrywillig van hulle vroeëre trou afstand te doen nie.[10.]

---

10. U.G.24-1921: Interim and final reports of the Commission appointed to enquire into the question of the future form of Government in the South-West Africa Protectorate, pp.4-5.

Die Afrikaanse Studentebond het tydens sy tweejaarlikse kongres van 1921 die Unieregering versoek om die regte van die Duitse burgers ten opsigte van hulle taal en onderwys te respekteer. Ter motivering van die versoek het die A.S.B. onder andere gesê dat "dit 'n skandvlek sal wees op die naam van die Afrikaanse volk as hy toelaat, dat aan 'n oorwonne volk minder regte toegeken word as wat hy vir homself as oorwonne volk, opeis." [11.] Die Administrateur het geantwoord dat hy graag dié aspirasies van die A.S.B. onderskryf, aangesien dit nog altyd sy strewe was om die ouere bevolking in elke opsig regverdig en billik te behandel.[12.]

Dr. T. Seitz, voormalige Duitse goewerneur van Suidwes-Afrika, was van mening dat die inwoners van Suidwes-Afrika nie Britse burgerskap hoef te aanvaar nie, aangesien die gebied nie 'n Britse gebied was nie, maar wel 'n mandaatgebied. Volgens hom sou die gebied nie gou deur die Unie geannekseer kon word nie, aangesien Amerika onder andere daarteen gekant was. Solank as wat die Unie nog nie Suidwes-Afrika geannekseer het nie, het dit dus volgens Seitz geen politieke sin gehad dat die Duitsers Britse burgerskap aanvaar nie. Die Duitsers moes dus eers ná anneksasie besluit of hulle Duitse burgerskap hoër ag as deelname aan die verkiesing van lede vir die Unieparlement. [13.]

Die Suidwesters was ook nie eensgesind oor die politieke toekoms van die Duitse burgers nie. The Windhuk Advertiser het die konstitusionele pad wat die Suidwesters moes bewandel,

---

11. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.32 item 109: brief sekretaris van die Afrikaanse Studentebond hoofbestuur/sekretaris van die Eerste Minister, 21.4.1921, pp.1-2.

12. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.32 item 109: brief sekretaris van die Administrateur/sekretaris van die Afrikaanse Studentebond hoofbestuur, 25.5.1921.

13. A.231 Peter Müller aanwins, vol.4: brief Seitz/R.H.A. Schneider, 27.5.1921, pp.1-3.

duidelik aan sy lesers uitgespel: "There is only one path which can be taken if we are not satisfied with the one we tread at present. That path leads to self government but it leads also to British citizenship." [14.]

Die Duitsers het egter nie dieselfde siening gedeel nie. Tydens administrateur Hofmeyr se besoek aan Omaruru het dr. Wohlgemuth beklemtoon dat die Duitse bevolking oor die algemeen vertroue in Hofmeyr gehad het en bereidwillig was om saam te werk. Hy het egter die hoop uitgespreek dat dit nie van die Duitsers verwag sou word om van hulle Duitse burgerskap afstand te doen nie. Die Administrateur het hom verseker dat hy sy bes sou doen om die saak na die beste van sy vermoë op te los. Sy raad aan alle Duitse burgers in Suidwes-Afrika was om Unieburgerskap aan te neem, aangesien Duitsland ten volle van Suidwes-Afrika afstand gedoen het. [15.]

Die Allgemeine Zeitung het ook nie die siening van The Windhuk Advertiser gedeel nie en het hom soos volg oor die aanname van Unieburgerskap uitgespreek: "Nun ist es durchaus nicht nötig, dass wir, um an der Verwaltung des Mandatsgebiets teilzunehmen, erst unsere Selbstachtung verlieren müssen, und uns das Annehmen einer Staatsangehörigkeit aufgezwungen wird, die wir als rechtlich und anständig denkende Menschen nicht annehmen können, solange gegen unser Volk der Vernichtungskampf im Frieden weiter geführt wird." * Die

---

14. The Windhuk Advertiser, 22.6.1921.

15. Allgemeine Zeitung, 14.7.1921.

* "Nou is dit absoluut nie nodig dat ons, om aan die bestuur van die Mandaatgebied te kan deelneem, eers ons selfrespek moet verloor en ons gedwing word om 'n burgerskap aan te neem, wat ons as redelike en eergevoelig denkende mense nie kan aanneem solank as wat teen ons volk 'n vernietigingstryd in vredestyd gevoer word nie."

Unieregering moes dus so gou as moontlik selfregering aan Suidwes-Afrika toestaan sodat almal daaraan kon deelneem, ongeag nasionaliteit.[16]

## 6.3.2. ONDERHANDELINGE MET DIE VOLKEBOND.

Generaal J.C. Smuts, Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, wou formele toestemming van die Volkebond verkry om die Duitse burgers in Suidwes-Afrika tot Unieburgers te verklaar. Hy het met die oog daarop reeds in 1921 met die Volkebond samesprekinge gevoer.

Op 23 November 1921 het die Hoë Kommissaris van Suid-Afrika, sir Edgar Walton, in Londen samesprekings gevoer met 'n subkomitee van die Permanente Mandatekommissie van die Volkebond wat moes ondersoek instel oor die nasionaliteit van die mandaatinwoners. Sir Walton moes die siening van die Suid-Afrikaanse regering in dié verband verduidelik: Die Duitsers moes tot staatlose burgers verklaar word sodat wetgewing aanvaar kon word om hulle tot Britse burgers te verklaar, behalwe as daar binne 'n spesifieke tyd individuele besware aangeteken word. Dit sou die administrasie van die gebied vergemaklik en die voormalige Duitse burgers sou dan al die voorregte en regte van Unieburgers geniet. Die subkomitee kon egter nie finale uitsluitsel oor dié saak gee nie en sou sekere voorstelle aan die Volkebondsraad voorlê. Hulle het egter die Duitse Suidwesters nog steeds as Duitse burgers beskou en hulle kon nie tot staatlose burgers verklaar word nie. Die subkomiteelede was oor die algemeen ten gunste van die inskakeling van diegene wat nie formeel beswaar sou aanteken nie.[17]

---

16. Allgemeine Zeitung, 21.1.1922.

17. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.10 item 34: brief sekretaris van die Eerste Minister/G.R. Hofmeyr, 9.1.1922.

Die Raad van die Volkebond sou op 10 April 1923 te Genève vergader om, onder andere, die kwessie van die nasionaliteit van die inwoners van B- en C-mandate te bespreek. Die Raad het die Unie uitgenooi om 'n verteenwoordiger te stuur. Die Hoë Kommissaris te Londen, sir Edgar Walton, is benoem as verteenwoordiger en Smuts het sy instruksies aan hom getelegrafeer.[18.]

Die Permanente Mandatekommissie wou die volgende drie alternatiewe rakende die nasionaliteitskwessie van die mandaatgebiede aan die Raad van die Volkebond voorlê:

"<u>First</u>: that status of inhabitants should be wholly distinct from that of mandatory power;

<u>Second</u>: that mandatory power should legislate in favour of separate status of protected persons or administered persons under Mandate;

<u>Third</u>: that inhabitants may acquire nationality of mandatory power by their individual and voluntary act only."

Generaal Smuts het die eerste twee aanbevelings, as gevolg van die situasie in Suidwes-Afrika, as onaanvaarbaar en onprakties beskou. Volgens hom kon nie een van dié aanbevelings in Suidwes-Afrika toegepas word nie, veral in die lig van die Suidwesters se verdeelde siening. Smuts het dus aan sir Edgar Walton opdrag gegee om die volgende voorstel aan die Raad van die Volkebond voor te lê: "...to pass legislation declaring Union Citizens all German inhabitants with option to individuals to object and remain German."[19.]

---

18. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.13 item 38: brief sekretaris van die Eerste Minister/Sekretaris van Suidwes-Afrika, 27.3.1923.

19. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.13 item 38: telegram Eerste Minister (Kaapstad)/Hoë Kommissaris (Londen), 27.3.1923, pp.1-2.

Die Raad van die Volkebond het sir Edgar Walton se voorstel dat die Duitsers in Suidwes-Afrika tot Britse burgers verklaar kon word, met die individuele reg om Duitse burgerskap te behou, aanvaar.[20.] Die volgende resolusie is deur die Raad op 23 April 1923 aanvaar: "The Council of the League of Nations, taking into consideration the special case presented to it and the fact that only the inhabitants of South West Africa alluded to in article 122 of the Treaty of Versailles, are concerned, takes note of the declaration made by the Representative of South Africa, and sees no objection to the proposed action."[21.]

Generaal Smuts het sir Walton gelukgewens met die besondere goeie werk in Genève betreffende die naturalisasiekwessie. Sy wens was dat die mandaatkarakter van Suidwes-Afrika gerespekteer moes word en die anneksasiegedagte verwerp moes word. Hy wou egter Suidwes-Afrika so gou as moontlik vaster aan Suid-Afrika verbind voordat Duitsland begin met versoeke dat sekere kolonies aan hom teruggegee moes word.[22.]

---

20. The Windhoek Advertiser, 28.4.1923; Allgemeine Zeitung, 30.5.1923.

21. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.10 item 34: Memorandum and correspondence between the Rt. Hon. the Prime Minister of the Union of South Africa and representatives of the German Government concerning the settlement of certain matters affecting the German population in South West Africa, bylae f: Resolution relating to certain inhabitants of South West Africa, adopted by the Council, 23.4.1923.

22. A.22 K.W. Schreve aanwins, vol.4: brief Smuts/Walton, 17.5.1923.

Smuts het ook die marquis Theodoli, voorsitter van die Permanente Mandatekommissie, bedank vir die werk wat hulle doen. Hy het sy waardering uitgespreek oor die optrede van die Raad van die Volkebond en die Permanente Mandatekommissie, insake die goedkeuring van die naturalisasie van die Duitse Suidwesters. Hy het verder gesê dat "the acceptance of a uniform Union citizenship under a general law seems the simplest solution, and it commends itself generally to both sections of the white population in South West Africa."[23.]

## 6.3.3. DIE ADVIESRAADSRESOLUSIE VAN 12 DESEMBER 1922.

Die Adviesraad het op 12 Desember 1922 'n belangrike resolusie in verband met die naturalisasiekwessie aanvaar. Hulle het die begeerte uitgespreek dat geen deel van die Blanke bevolking uitgesluit moes word van die toekomstige regeringsvorm van Suidwes-Afrika nie. Hulle het die Unieregering derhalwe versoek dat gelyke politieke status aan alle Blanke manlike volwassenes verleen moes word en dat die Unie deur spesiale wetgewing die Unieburgerskap aan alle Duitse Suidwesters wat nie binne ses maande na die inwerkingtreding van die wet daarteen beswaar aangeteken het nie, sou toeken.[24.]

Gedurende die Administrateur se reis deur die gebied het hy die Adviesraadsresolusie van Desember 1922 aan die inwoners verduidelik. Dit het gelyk asof die grootste gedeelte van

---

23. A.22 K.W. Schreve aanwins, vol.4: brief Smuts/Theodoli, 16.5.1923, pp.1-2.

24. U.G. 21-1923: Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1922, pp.5-6; The Windhoek Advertiser, 20.12.1922; Allgemeine Zeitung, 30.12.1922.

die Duitse en Unieseksie van die bevolking die voorstel goedgekeur het. [25.] Die Arbeiter Verband van Windhoek het egter op 8 Januarie 1923 teen die resolusie gestem: "Die Ortsgruppe Windhuk erklärt sich mit der Resolution des Landesbeirats, betreffs der Naturalisierung, nicht einverstanden." * [26.]

Op 16 Januarie 1923 het die Administrateur met 'n Duitse afvaardiging te Swakopmund samesprekings gevoer oor die naturalisasiekwessie. Die afvaardiging het bestaan uit, onder andere, die here Schad (burgemeester), Wardesky, Löwensohn, Eberlein, Blank en Cordes (stadsekretaris). Die Administrateur het toe reeds die Adviesraadsbesluit van Desember 1922 by ses verskillende vergaderings verduidelik en het orals eenstemmige aanvaarding gevind. Die Administrateur het die Adviesraadsbesluit aan die afvaardiging verduidelik en sou die Swakopmundse inwoners die aand toespreek. Die Administrateur sou die Unieregering versoek om gedurende die volgende parlementsitting 'n wet aan te neem wat aan die Suidwesters outomaties Unieburgerskap sou verleen sonder om die eed van getrouheid af te lê. [27.]

Die aanvaarding van die Adviesraadsbesluit van Desember 1922, rakende die naturalisasiekwessie in sentra met sterk

---

25. U.G. 21-1923: Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1922, p.6.

* "Die tak van Windhoek verklaar dat hy nie akkoord gaan met die resolusie van die Adviesraad, betreffende naturalisering nie."

26. Allgemeine Zeitung, 10.1.1923.

27. A. 312 Varia Administrasie S.W.A., vol.10 item 34: Protokoll einer Unterredung mit dem Administrator am 16. Januar 1923 zu Swakopmund, s.p.

Duitse invloed soos Omaruru en Swakopmund, het die Administrateur blymoedig gestem. 'n Groot struikelblok wat egter nog oorkom moes word, was die goedkeuring van die Windhoekers. Op 17 Februarie 1923 het die Administrateur 'n openbare vergadering in die Kaiserkrone-saal toegespreek. Dr. Lorentz, 'n prokureur van Windhoek, het as voorsitter opgetree. Die Administrateur wou eers uitvind wat die Windhoekers se gesindheid was voordat hy na Kaapstad sou vertrek. Dit was van die begin af duidelik dat die aanwesiges gekant was teen dié Adviesraadsbesluit en enige verwysing na Unieburgerskap is met uitroepe van spot en veragting bejeën.

Mnr. Ramdohr het as die segsman van die Duitse Windhoekers opgetree. Hy het die besluite wat deur 350 Duitsers geneem is tydens 'n vergadering op 12 Februarie 1923 aan die Administrateur oorhandig. Die vergadering het die Adviesraadsbesluit verwerp en verklaar dat die Duitse lede wat deur die Administrateur benoem is, nie die ondersteuning van die Duitse bevolking van Windhoek geniet het nie. Volgens hulle sou die daarstelling van 'n Suidwes-Afrikaanse burgerskap die geskikte oplossing wees en dit was hulle oortuiging dat sodanige instelling nie onmoontlik was nie. Die vergadering het verder verklaar dat die Duitsers en mense van ander nasionaliteite in Suidwes-Afrika die reg tot selfbeskikking moes hê, en hulle het gevoel dat dit onnodig was om vir dié doel Britse burgerskap te aanvaar. Ramdohr het verklaar dat dit die gesindheid van die Duitse inwoners van Windhoek was en dat elkeen van die aanwesiges by die genoemde resolusie staan. Die verklaring is met luide toejuiging begroet.

Dr. Fritzsche het die Duitsers aangeraai om nie Unieburgerskap te aanvaar nie, aangesien die gebied se toekoms onseker was. Die Administrateur het die aanwesiges versoek om nie

hulle koppe oor so 'n gewigtige saak te verloor nie en dit duidelik gestel dat, sodra die naturalisasiewet ingevoer sou wees, die konsessie wat aan die Duitsers aangebied is, sou verval.[28.]

Die Suidwes Nuus het die gevoelens van die Duitsers gerespekteer "ofskoon daarvan oortuigd, dat hulle beslissing sterk beïnvloed geworde is deur die optrede van 'n kleine minderheid, waar in die grond die meerderheid, wat hier vas wil bly, sig reeds als Afrikaners beskou." [29.]

In reaksie teen die Duitssprekende Windhoekers se houding het die Unieseksie op 22 Februarie 1923 te Windhoek vergader. Daar was tussen 300 en 450 mense aanwesig. Die volgende twee resolusies, wat voorgestel is deur kolonel M.J. de Jager en gesekondeer is deur J.A. O'Reilly, is deur die vergadering aanvaar:[30.]

"1. This Meeting of British Subjects, Citizens of the Union of South Africa, and Citizens past and present of the late South African Republics requests His Honour the Administrator to make the necessary representations to General Smuts the Prime Minister and through him to the Parliament of the Union of South Africa to introduce

---

28. Mem.43: Verklaring van Sy Eksellensie die Administrateur op die vergadering van die Adviserende Raad te Windhoek op die 19de Februarie 1923, s.p.; Die Suidwes Nuus, 31.3.1923 en 6.4.1923.

29. Die Suidwes Nuus, 23.2.1923.

30. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.13 item 38: brief A.P. Olivier/Administrateur, 24.2.1923; Allgemeine Zeitung, 24.2.1923; Die Suidwes Nuus, 2.3.1923.

during the present Session the legislation necessary to re-instate us in the rights of citizenship of the Union so that we may as speedily as possible take part through our votes in the Government of this Territory, the form of which Parliament will decide.

2. This Meeting further resolves to request that Parliament shall introduce here in the ordinary way and without delay the Naturalisation Laws now in force in the Union of South Africa with conditions modified so as to give the immediate opportunity to people here who are desirous of obtaining Union citizenship forthwith."

'n Ander resolusie, voorgestel deur mnr. Lardner Burke en gesekondeer deur mnr. Louw, "that in view of the fact that it is impossible to expect the German section to come forward voluntarily and apply for British citizenship the Union Government be asked to introduce the necessary legislation proclaiming all Germans in this country British subjects while allowing them every opportunity of signing out if they so desire", is deur die vergadering verwerp.[31]

Die Unieseksie was begerig dat hulle regte as Unieburgers ten volle herstel sou word sodat hulle effektief kon deelneem aan die toekomstige administrasie van Suidwes-Afrika. Dit is opvallend dat hulle nie ten gunste van die outomatiese naturalisasiebeginsel was nie.

<u>Die Suidwes Nuus</u> was egter ten gunste van die outomatiese naturalisasiebeginsel, aangesien dit die minste kwetsend vir die Duitsers sou wees. Dit het geen dwang ingehou nie, aangesien die invul en ondertekening van 'n vorm enige Duitser

---

31. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.13 item 38: brief A.P. Olivier/Administrateur, 24.2.1923.

daarvan uitgeslote sou hou. Die koerant was dus gekant teen die vergadering van 22 Februarie se besluit, aangesien die Duitse burgers nie uit vrye wil aansoek sou doen om Unieburgerskap nie.[32.]

In die Duitse geledere het daar ook 'n beweging ontstaan tēēn die besluit van die Windhoekse Duitsers. Tydens 'n vergadering van die Duitse inwoners te Karibib op 15 Maart 1923, het 25 persone vir en vier teen die Adviesraadsbesluit van 12 Desember 1922 besluit.[33.] J.Kock, C.G. Mertens en F. Diebler het ondertussen die handtekeninge van 127 Duitsers van Windhoek en omgewing wat die Adviesraadbesluit ondersteun het, versamel. Hulle het die Sekretaris van Suidwes-Afrika versoek om administrateur Hofmeyr mee te deel "dass wir weitere Unterschriften zur Verfügung stellen werden in kurzer Zeit."[*] Hulle kon nie die handtekeninge vroeër bekom nie, aangesien dit persoonlik ingesamel moes word weens die swaar reënval en gepaardgaande vol riviere en verspoelde paaie.[34.] Verskeie ander lyste ter ondersteuning van die Adviesraadsbesluit was in sirkulasie, onder andere in die distrikte van Gobabis, Okahandja, Omaruru en Outjo.[35.] Graaf von Schwerin-Sophienhof was van mening dat die Duitse Suidwesters hulle toekoms in hulle eie hande moes neem en daarom die Adviesraadsbesluit eenparig moes aanvaar. Hy het dus die hoop uitgespreek dat ... "die Windhuker Bevölkerung ihre Ansicht hinsichtlich der Annahme des Unionsbürgerrechtes revidieren und sichwenn auch etwas verspätet, so doch nicht

---

32. Die Suidwes Nuus, 16.3.1923.

33. ADM.II/C/64: brief G. Rösemann/magistraat van Karibib, 16.3.1923.

* "..dat ons binnekort nog handtekeninge beskikbaar sal stel."

34. ADM.II/C/64: brief Kock, Mertens en Diebler/Sekretaris van Suidwes-Afrika, 22.3.1923.

35. ADM.II/C/64: voorlegging F.P. Courtney Clarke/Sekretaris van Suidwes-Afrika, 24.3.1923.

zu spät, der Ansicht der gesamten übrigen Bevölkerung des Schutzgebietes anschliessen wird." * 36.

Alhoewel 'n groot aantal Duitsers wat teen die Adviesraadsbesluit gestem het hulle name teruggetrek het, het generaal Smuts besluit om nie op daardie stadium wetgewing deur te voer wat aan Duitse Suidwesters Britse burgerskap sou verleen nie, of om die Unie se Naturalisatie van Vreemdelingen Wet (1910) op Suidwes-Afrika van toepassing te maak nie. 37.

## 6.3.4. ONDERHANDELINGE MET DIE DUITSE REGERING.

Generaal Smuts het intussen met die Duitse regering onderhandel om 'n bevredigende oplossing vir dié besondere probleem te vind. Op 23 Oktober 1923 het generaal Smuts, De Haas en dr. Ruppel (verteenwoordigers van die Duitse regering) in Londen vergader om die toekoms van die Duitse Suidwesters te bespreek. In breë trekke is die volgende besluite geneem: 38.

---

* "... die Windhoekse bevolking hulle mening ten opsigte van die aanvaarding van Unieburgerskap sou hersien en hulle 'n bietjie later, maar tog nie te laat nie, by die sienswyse van die res van die bevolking van die Protektoraat sou aansluit."

36. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.33 item 111: brief Graaf von Schwerin-Sophienhof/B. Brunnemann, [13].4.1923.

37. U.G. 21-1924: Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1923, p.4.

38. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.13 item 38: Agreement entered into at London on 23rd October, 1923 between the Union Government, represented by its Prime Minister, General Smuts, and the Government of the German Reich, represented by Geheimrat de Haas and dr. Ruppel, pp.1-3; Mem..10: Londener Abkommen, 23.10.1923, pp.1-3.

* Die Unieregering het onderneem om die Duitsers as deel van die Suid-Afrikaanse volk aan te neem met dieselfde voorregte en verantwoordelikhede as die ander burgers.
* Sekere voorregte betreffende die volgende sake sou aan die Duitsers toegestaan word: die Duitse taal, skole, kerke en sendingwerk, immigrasie, moontlike finansiële hulp aan Duitse koöperatiewe verenigings, verteenwoordiging op die Landraad en Adviesraad van die Land- en Landboubank, verbeteringe te Swakopmund, pensioenvoorregte en toepassing van die Arbeiders Kompensatie Wet van die Unie in Suidwes-Afrika.
* Die Duitsers in Suidwes-Afrika en hul kinders sou onder geen omstandighede verplig wees om militêre diens teen die Duitse Ryk vir 'n tydperk van 30 jaar vanaf 23 Oktober 1923 nie.

Smuts het in sy brief aan De Haas sy tevredenheid uitgespreek oor die ooreenkoms wat bereik is en vir die vriendskaplike gees waarin die onderhandelinge plaasgevind het. Smuts het nie daaraan getwyfel dat die Duitsers ooreenkomstig die twee Duitse regeringsverteenwoordigers se raad sou optree en die nuwe burgerskap in 'n goeie en lojale gees sou aanneem nie.[39.] De Haas het ook sy dank uitgespreek oor die ooreenkoms wat bereik is. Die Duitse regering het erken dat die toekoms van Suidwes-Afrika nóú met dié van die Unie verbonde was en dat die Duitsers wys sou optree indien hulle by die Suid-Afrikaners sou aansluit. Die Duitse regering was dus bereid om sy invloed op die Duitsers uit te oefen om Unieburgerskap onder die algemene naturalisasie-

---

39. S.W.A.A./I/A.196/1 vol.1: brief Smuts/De Haas, 23.10.1923.

wet te aanvaar. Hulle sou die Duitsers ook aanraai om die reg om die Unieburgerskap te weier, nie te gebruik nie.[40.]

## 6.3.5. DIE DUITSE DEPUTASIE.

Generaal Smuts het spoedig ná die suksesvolle onderhandelinge met die Duitse regering 'n deputasie van Duitse Suidwesters uitgenooi om hom in Kaapstad te ontmoet. Die Duitse naturalisasiekwessie sou indringend bespreek word.[41.] In sy hantering van die naturalisasiekwessie het generaal Smuts hom weer eens as 'n fyn diplomaat bewys. Nadat hy die gemoedstoestand van die Duitsers in dié verband getoets het, het hy eers die toestemming van die Volkebond en daarna die uiters noodsaaklike samewerking van die Duitse regering verkry. Ten spyte van die Volkebond se goedkeuring was Smuts huiwerig om Unieburgerskap op onwillige Duitse burgers af te dwing en sodoende groot parlementêre probleme vir die regerende party te veroorsaak.[42.]

Generaal Smuts het besluit om die deputasie, wat uit 12 Duitsers sou bestaan, op 18 Januarie 1924 te Kaapstad te ontmoet.[43.] Die Duitse deputasie wat deur die Administra-

---

40. S.W.A.A./I/A.196/1. vol.1: brief De Haas/Smuts, 23.10.1923.

41. U.G.21-1924: Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1923, p.6.

42. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.53 item 159: telegram H. Bense/Administrateur, 23.10.1923, p.3.

43. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.10 item 34: brief Sekretaris van Suidwes-Afrika/E. Wardesky, 20.12.1923.

teur aangewys is, het aanvanklik bestaan uit A. Schad, G. Voigts, A. Voigts, dr. F. Brenner, dr. A. Merensky, H. Gräber, K. Steffens, P. Barth, C. Schlettwein, J. Meinert, dr. C.A.M. Fritzsche en E. Wardesky. [44.] Die Administrateur het, nadat verneem is dat sekere lede nie kon saamgaan nie, as 'n spesiale toegewing eenhonderd pond bygedra om hulle onkostes te delg. Die deputasielede moes self die bedrag onderling verdeel. P. Barth en J. Meinert wou egter 'n dagtoelaag hê en het gevolglik onttrek nadat die Administrasie nie bereid was om verdere finansiële hulp toe te staan nie. [45.]

C.A.M. Fritzsche en F. Brenner, twee prominente Duitse leiers, was bevrees dat nog lede weens finansiële besware sou onttrek. Dit kon die indruk skep dat die ledetal verminder het tot die welgestelde lede of spesiale belangegroepe, en dat die deputasie dus nie meer die siening van die Duitse bevolking verteenwoordig nie. Hulle het die Administrateur versoek om 'n dagtoelaag aan elke lid te betaal, in plaas van die gesamentlike toelaag van eenhonderd pond en dat die oorspronklike lede behou moes word. [46.] Die Administrateur het in die lig van dié versoek onderneem om aan elke lid 'n dagtoelaag van een pond te betaal. [47.]

R. Laufer, die nuwe voorsitter van die Arbeiter Verband van Windhoek, het op versoek van die organisasie vir H. Gräber

---

44. Allgemeine Zeitung, 24.12.1923.

45. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.10 item 34: brief Bense/Barth, 28.12.1923.

46. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.10 item 34: brief Fritzsche en Brenner/Administrateur, 27.12.1923.

47. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.10 item 34: telegram Administrateur/Fritzsche, 29.12.1923, pp.1-2.

vervang.[48] Die gemeenskap van Lüderitz het, ná P. Barth en J. Meinert se aanvanklike ontrekking aan die Duitse deputasie, op versoek van die Administrateur vir H.J. Sager genomineer. Nadat die finansiële kwessie bevredigend opgelos is, kon Barth en Meinert toe ook saamgaan. Die Duitse deputasie het gevolglik uit dertien in plaas van twaalf lede bestaan.[49]

Die volgende lede het gedurende Januarie 1924 na Kaapstad vertrek om samesprekinge met die Eerste Minister oor die naturalisasiekwessie te voer:

Dr. C.A.M. Fritzsche, Windhoek;
Dr. F. Brenner, Windhoek;
Mnr. G. Voigts, Windhoek;
Mnr. A. Schad, Swakopmund;
Dr. A. Merensky, Keetmanshoop;
Mnr. J. Meinert, Windhoek;
Mnr. C. Schlettwein, Outjo;
Mnr. E. Wardesky, Swakopmund;
Mnr. P. Barth, Windhoek;
Mnr. A. Voigts, Gibeon;
Mnr. R. Laufer, Windhoek;
Mnr. K. Steffens, Tsumeb;
Mnr. H.J. Sager, Lüderitz.[50]

Die deputasie het die Duitse Suidwesters oor die algemeen goed verteenwoordig. Dit het bestaan uit vier boere, drie

---

48. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.10 item 34: telegram Administrateur/Fritzsche, 27.12.1923.

49. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.10 item 34: brief Bense/Barth, 28.12.1923; German deputation to meet general Smuts at Cape Town on 18th January, 1924, on citizenship question, ongedateerd.

50. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.10 item 34: German deputation to meet general Smuts at Cape Town on 18th January, 1924, on citizenship question, ongedateerd.

handelaars, twee regsgeleerdes, twee verteenwoordigers van die arbeiders, een mediese dokter en een koerantredakteur. Sewe deputasielede was lid van die Duitse volksverteenwoordiging wat voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog bestaan het. Verder was twee lede burgemeesters en een die voorsitter van die Kamer van Koophandel. Vyf van die dertien lede was gekant teen die aanvaarding van Unieburgerskap en ten gunste van die skepping van 'n mandaatburgerskap. Die Administrateur het dus die samestelling van die deputasie met groot versigtigheid gehanteer.[51]

Die ontmoeting tussen generaal Smuts en die Duitse deputasie het om 11h00 op 19 Januarie 1924 in die konferensiesaal van die Parlementshuis te Kaapstad plaasgevind. Administrateur G.R. Hofmeyr, H.P. Smit (Sekretaris van Suidwes-Afrika), mnr. Haug (Duitse Konsul-generaal) en dr. Franz was ook teenwoordig. A. Voigts het as die woordvoerder van die Duitse deputasie opgetree. Smuts het in sy openingstoespraak kortliks die geskiedenis van die naturalisasiekwessie geskets. Die inhoud van die Londense ooreenkoms, asook die meegaande korrespondensie tussen Smuts en De Haas, is aan die Duitse deputasie voorgelees. Smuts het dit beklemtoon dat die Londense ooreenkoms 'n finale dokument was wat nie onderworpe was aan enige wysigings of amendemente nie. Die redes waarom die Duitse deputasie uitgenooi was, was drieërlei van aard:

* Smuts was van mening dat die Duitse Suidwesters die eerste mense moes wees om van die inhoud van die Londense ooreenkoms kennis te neem.
* Verder was hy gretig dat, indien moontlik, die deputasie in een of ander vorm sy goedkeuring aan die ooreenkoms moes heg. Dit het egter nie gegaan om die ratifikasie van die dokument nie, aangesien die Duitse regering dit reeds gedoen het. Hy wou hê dat hulle, net soos die Duitse

---

51. Suid-Wes Nuusblad, 22.2.1924.

regering, die Duitse Suidwesters moes aanraai om die outomatiese naturalisasiewet te aanvaar.

* Die Duitse deputasie is verder uitgenooi om enige ander probleme, sonder om die inhoud van die ooreenkoms te wysig, met generaal Smuts te bespreek.

Smuts het ten slotte verklaar: "My whole idea is to create a feeling of hopefulness among the people of South West Africa."

A. Voigts het Smuts bedank vir die besondere geleentheid en versoek dat genoeg tyd aan hulle gegee moes word om belangrike sake te oordink. Die Duitse deputasie wou generaal Smuts weer ontmoet sodra hulle tot 'n besluit gekom het.[52.]

Op 24 Januarie het die Duitse deputasie hul skriftelike antwoord aan generaal Smuts oorhandig. Hulle het hom bedank vir die vriendelike en versoenende wyse waarop die naturalisasiekwessie behandel is. Hulle het geen geheim daarvan gemaak nie dat die Duitse Suidwesters meer wou hê as wat volgens die Londense ooreenkoms aangebied is. Hulle sou egter die beste gebruik maak van die nuwe toedrag van sake en was dankbaar dat die Duitsers wat nie die outomatiese burgerskap wou aanvaar nie, nie op enige wyse benadeel sou word nie. Verskeie ander sake is bespreek, onder andere die Duitse taalkwessie, die skoolkwessie en die immigrasiewet. Hulle het verklaar dat dit hulle wens was dat Suidwes-Afrika nie geannekseer sou word as 'n vyfde provinsie van die Unie nie. 'n Aparte bestuurstelsel moes toegestaan word, asook die reg om 'n eie begroting op te stel en om 'n eie Wetgewende Raad te verkies. Die deputasie was van mening dat die toepassing van outomatiese naturalisasie oor die algemeen geen ernstige teenstand van die Duitse Suidwesters sou ontlok nie. Ten slotte het hulle die hoop uitgespreek dat 'n heilsame samewer-

---

52. The Windhoek Advertiser, 30.1.1924; Suid-Wes Nuusblad, 8.2.1924; De Zuid-Afrikaan, 29.1.1924; Cape Times, 29.1.1924; Die Burger, 30.1.1924.

king tussen alle bevolkingsgroepe, op die basis van gelyke regte en pligte, stadig maar seker sou strek tot die vooruitgang van die land. [53]

Die inhoud van die Londense ooreenkoms is gelyktydig in Duitsland, die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika bekend gemaak. Die pers in dié drie lande het wye publisiteit aan die gebeure gegee. Die koerante het oor die algemeen hulle dankbaarheid uitgespreek oor die feit dat daar uitendelik 'n reëling betreffende hierdie sensitiewe saak getref is. [54] Die tyd het dus aangebreek dat die Unieparlement nuwe naturalisasiewetgewing vir Suidwes-Afrika moes passeer.

Die Duitsers het nog steeds die hoop gekoester dat Suidwes-Afrika en die ander voormalige Duitse kolonies weer aan Duitsland teruggegee sou word. Op 24 April 1924 het 'n fees onder leiding van die Deutscher Verein te Windhoek plaasgevind om die ontstaan van die Duitse koloniale ryk in 1884 te herdenk. Dr. Brenner het die verwelkoming gedoen en dr. Fritzsche het 'n sterk patrioties-gekleurde toespraak gelewer. Dat die Duitsers in die gebied nog steeds gehoop het dat Suidwes-Afrika weer aan Duitsland teruggegee sou word, het geblyk uit die volgende telegram wat deur die Deutscher Verein na die Kolonialgesellschaft te Berlyn gestuur is:

---

53. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.10 item 34: Memorandum and correspondence between the Rt. Hon. the Prime Minister of the Union of South Africa and representatives of the German government concerning the settlement of certain matters affecting the German population in South West Africa, bylae e: brief Duitse deputasie/J.C. Smuts, 23.1.1924, pp.1-5; Suid-Wes Nuusblad, 8.2.1924.

54. Allgemeine Zeitung, 6.2.1924.

"Die zur kolonialen Gedenkfeier in Windhuk versammelten Deutschen fühlen sich eins mit ihren heimischen Volksgenossen, in der Bekämpfung der kolonialen Schuldlüge und erwarten von ihrer unparteiischen Prüfung, dass unserem Vaterland bald die Möglichkeit gegeben wird, an der kolonialen Erschliessung der Welt im Wiederbesitz seiner alten Kolonien mitzuarbeiten." * [55.]

## 6.3.6. DIE BESLISSENDE KEUSE.

Die South West Africa Naturalization of Aliens Act van 1924 (Wet no. 30 van 1924), het voorsiening gemaak vir die outomatiese naturalisering van Duitse Burgers in Suidwes-Afrika en sou op 15 September 1924 van krag word. Daarvolgens is alle Duitse burgers wat vanaf 1 Januarie tot 15 September in die gebied woonagtig was, tot Britse onderdane verklaar, behalwe as hulle binne ses maande vanaf die inwerkingtreding van die wet sou verklaar dat hulle nie sodanige burgers wou wees nie. Artikel een van die Wet het die Naturalisatie van Vreemdelingen Wet van 1910 (Wet no. 4 van 1910) van Suid-Afrika op Suidwes-Afrika van toepassing gemaak. Die keusetydperk sou op die 14de Maart 1925 verstryk. [56.]

---

* "Die Duitsers wat aanwesig was tydens die koloniale herdenkingsfees te Windhoek, vereenselwig hulle met hul volksgenote in die bevegting van die koloniale skuldleuen en verwag 'n onomwonde versekering dat die vaderland gou die geleentheid sou hê om saam te werk aan die koloniale ontsluiting van die wêreld deur weer besit van sy ou kolonies te verkry."

55. Allgemeine Zeitung, 26.4.1924.

56. A.J. Waters: The laws of South West Africa, 1924, pp.82-83; U.G. 33-1925: Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1924, pp.5-6.

Die Duitsers moes tussen 15 September 1924 en 14 Maart 1925 besluit of hulle die outomatiese naturalisasiereëling sou aanvaar of nie. The Windhoek Advertiser het elke Duitser wat nie bereid was om waarlik getrou aan die Britse koning te wees nie, versoek om die owerheid in kennis te stel dat hy nie bereid was om Britse burgerskap te aanvaar nie.[57.] Die Allgemeine Zeitung het die Duitsers daarop gewys dat, as hulle seggenskap wou uitoefen oor aangeleenthede rakende hulle tweede tuiste en wou bydra tot die opbou daarvan, hulle Britse burgerskap sou moes aanvaar. Hulle moes onthou dat die Unieseksie waarlik daarop ingestel was om hulle soveel onaangeneemheid as moontlik te bespaar en dat hulle uitgesien het na die algehele samewerking tussen die verskillende Blanke bevolkingsgroepe tot voordeel van Suidwes-Afrika.[58.]

Dit was 'n tydperk van wik en weeg en groot vertwyfeling het by die Duitsers bestaan. Die twyfelaars kon in twee groepe verdeel word. "Der national eingestellte Deutsche" * het hulleself afgevra of hulle hul nasionaliteit durf verkwansel en, indien hulle dit sou doen, of hulle dié optrede ooit teenoor hulle kinders sou kon verantwoord. "Der wirtschaftlich eingestellte Deutsche" * het hulleself afgevra:

- Wat bereik 'n mens as jy jou nasionaliteit behou, behalwe nasionale bevrediging en selfrespek?
- Kan 'n mens se kinders nie later self besluit wat hulle wil doen nie?

Die Allgemeine Zeitung se raad aan die twee groepe twyfelaars,

---

57. The Windhoek Advertiser, 13.9.1924.

58. Suid-Wes Nuusblad, 5.1.1925.

* Patrioties-georiënteerdes.

* Ekonomies-georiënteerdes.

rakende die outomatiese naturalisasie, was die volgende: "Soll also einheitlich in bestimmter Richtung entscheiden werden, dann sehen wir kaum einen anderen Weg, als den des 'Opfers für unser Deutschtum'." * [59.]

Die Duitsers was dus verdeel tussen ekonomiese en sentimentele oorweginge. Die Deutsch-Afrikaner het 'n dringende beroep op alle Duitsers gedoen om sover as moontlik 'n eenparige besluit te neem. Na watter kant die beslissing ook al sou val, "versucht es, in geschlossener Front eure Pflicht dem deutschen Volkstum gegenüber zu erfüllen." * [60.] Die Allgemeine Zeitung het die Duitsers versoek om, wat hulle ook al sou besluit, as 'n eenheid en eenparig op te tree. [61.] The Windhoek Advertiser het die Duitsers verseker dat hulle nie wou inmeng met die Duitse keuse nie. Die vrees dat hulle benadeel sou word indien hulle nie Britse burgerskap sou aanvaar nie, was geheel en al ongegrond. Die Unieseksie was bereid om beide die Duitsers, wat in 'n eerlike poging tot samewerking die nuwe status aanvaar, asook diegene wat werklik voel dat hulle dit nie kon aanvaar nie, se gevoelens te respekteer. [62.] Die Deutscher Bund het die Duitsers aangeraai om hulle die naturalisasie te laat welgeval. [63.]

---

* "Ons sien nouliks 'n ander weg as dié van opoffering vir ons Duitse nasionaliteit, sou daar onverdeeld op 'n bepaalde rigting besluit word."

59. Allgemeine Zeitung, 24.1.1925.

* "... probeer om binne 'n verenigde front julle plig teenoor die Duitse nasionaliteit te vervul."

60. Allgemeine Zeitung, 14.2.1925.

61. Allgemeine Zeitung, 28.2.1925.

62. The Windhoek Advertiser, 4.3.1925.

63. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.95 Deutscher Bund, Jahresberichte: Jahresberict des Deutschen Bundes für Süd West Afrika über das Jahr 1925, p.1.

Die keusetydperk het uiteindelik om middernag op 14 Maart 1925 verstryk. Op dié dag het die Allgemeine Zeitung die Duitsers weer eens versoek om 'n eenparige keuse uit te oefen, aangesien daar nie deur enige keuse, òf na die een, òf ander kant toe, 'n skeuring in die Duitse geledere veroorsaak moes word nie.[64] The Windhoek Advertiser het 'n verbasend simpatieke houding teenoor die Duitsers geopenbaar. Dit was 'n ernstige oomblik vir almal. Die Duitsers moes 'n nuwe nasionale status aanvaar wat vir hulle baie min vreugde ingehou het. Dié koerant het die Duitse gevoel baie raak opgesom: "They are going through the painful process of acquiring a new citizenship - one they have never desired, and which during the last few years has aroused their passionate hatred. It is not a happy moment for them." Daar is dus 'n beroep gedoen op die Unieburgers om die Duitsers wat hulle by hul geledere sou voeg met die grootste konsiderasie te behandel. Die genaturaliseerde Duitsers is versoek om 'n gees van lojale samewerking te openbaar, al het 'n gees van ware affeksie ontbreek.[65]

Teen die einde van Maart 1925 was voorlopige getalle van genaturaliseerdes in die sewentien distrikte bekend en het die situasie só daar uitgesien:[66]

| Distrik | Genaturaliseer | beswaard |
|---|---|---|
| Aroab | 36 | 0 |
| Bethanië | 37 | 2 |
| Gibeon | 87 | 6 |
| Gobabis | 104 | 22 |

64. Allgemeine Zeitung, 14.3.1925.

65. The Windhoek Advertiser, 14.3.1925.

66. Allgemeine Zeitung, 28.3.1925. Die finale getal genaturaliseerde Duitsers in die distrikte Gobabis, Grootfontein, Lüderitz en Windhoek was nog nie bekend nie.

| | | |
|---|---|---|
| Grootfontein | 375 | 12 |
| Karibib | 167 | 11 |
| Keetmanshoop | 99 | 1 |
| Lüderitz | 661 | 29 |
| Maltahöhe | 27 | 26 |
| Okahandja | 129 | 5 |
| Omaruru | 152 | 6 |
| Otjiwarongo | 140 | 1 |
| Outjo | 49 | 1 |
| Rehoboth | 66 | 18 |
| Swakopmund | 202 | 35 |
| Warmbad | 42 | 1 |
| Windhoek | 500 | 82 |
| TOTAAL: | 2 873 | 258 |

Die Allgemeine Zeitung het die situasie goed opgesom: Die genaturaliseerde Duitsers was van voorneme om met die Unieseksie saam te werk. Selfbestuur moes dus so gou as moontlik aan die Suidwesters toegestaan word sodat landsprobleme rondom 'n konferensietafel opgelos kon word.[67.]

Administrateur Hofmeyr het die oplossing van die naturalisasiekwessie as een van die grootste suksesse van sy dienstermyn beskou.[68.] Uit 'n totaal van 3 489 persone is 3 228 persone uiteindelik genaturaliseer ooreenkomstig seksie een van Uniewet no. 30 van 1924.[69.] Unieburgerskap is dus deur 92,5% van die Duitsers aanvaar, terwyl slegs 7,5% amp-

---

67. Allgemeine Zeitung, 28.3.1925.

68. Mem.46: Toespraak gelewer deur Sy Edele G.R. Hofmeyr, Administrateur van Suidwes-Afrika, gedurende sy reis onlangs deur die Gebied, November 1925, p.18.

69. U.G. 26-1926: Rapport van die Regering van die Unie van Suid-Afrika omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1925, p.4.

telik beswaar aangeteken het. Dit was voorwaar ŉ besondere gebeurtenis. Die pad was oop vir die toekenning van een of ander vorm van selfbestuur vir Suidwes-Afrika. Dit het uiteindelik ŉ realiteit geword deur die aanvaarding van wet 42 van 1925 (Zuidwest Afrika Konstitutie Wet, 1925) deur die Unieparlement.

## 6.4. STICTING VAN DIE DEUTSCHER BUND.

Onder die Duitsers het daar intussen die behoefte ontstaan om hulle kragte saam te snoer deur die instelling van ŉ nasionale organisasie. Die Allgemeine Zeitung het gevolglik ŉ beroep gedoen op alle Duitssprekendes om al hulle kragte in te span om ŉ organisasie te verkry wat werklik die bevolking sou verteenwoordig. Dié organisasie moes egter ten alle koste die sogenaamde "rassepolitiek" * vermy, aangesien die stremmende uitwerking daarvan duidelik in die Unie sigbaar was. Die mandaatstatus van Suidwes-Afrika moes dus behou word sodat die gebied nie as ŉ vyfde provinsie teen sy wil ingesleep word in die "rassepolitiek" van Suid-Afrika nie.[70.]

Tydens ŉ vergadering te Windhoek, waar talryke verteenwoordigers van Deutsche Vereine dwarsoor Suidwes-Afrika teenwoordig was, is so ŉ nasionale organisasie formeel op 3 September 1924 gestig. Dit sou bekend staan as die Deutscher Bund für Südwestafrika. Volgens die ontwerpstatute was die Deutscher Bund "eine über alle Parteien stehende Vereinigung von deutschen Körperschaften und Einzelpersonen, welche sich

---

* Politieke groepering in die verskillende Blanke taalgroepe.

70. Allgemeine Zeitung, 19.7.1924.

die Pflege und Vertretung aller deutschen Kulturellen Bestrebung zum Ziele gesetzt hat." * Die Duitsers van Usakos het versoek dat die Deutscher Bund nie hulle politieke strewes uit die oog moes verloor nie en Omaruru het aanbeveel dat doelstellings van die Deutscher Bund nie net die Duitse kultuur moes bevorder nie. Die inleiding tot die ontwerpstatute moes dus gewysig word na "Alle deutschen Belange und Bestrebungen." * 71.

Tydens die Deutscher Bund se vergadering van 11 tot 13 April 1925 is dr. F. Brenner eenparig tot voorsitter verkies, terwyl R. Laufer, H. Groenewold, K. Körner en J. Kock tot hoofbestuurslede verkies is. Tydens die vergadering is die kwessie of die organisasie hom met die politiek sou bemoei, indringend bespreek. Brenner het gepleit dat die Deutscher Bund se politieke oogmerke slegs in breë trekke en nie in besonderhede opgestel moes word nie. Hy het dus beklemtoon dat die Bund se politieke oogmerk is om "dem Deutschtum, unserer Sprache, unserer Kultur die Stellung und den Einfluss in dem Lande zu verschaffen und zu erhalten, der ihm auf Grund seiner Geschichte als erster Entwickler und Förderer der Kolonie, auf Grund seiner Leistung und Arbeitsfähigkeit, auf Grund seiner zahlenmässigen Stärke - als der stärkste europäische Stamm in dem Lande - zukommt." * Die Deutscher Bund moes hom dus onder andere

---

* "...'n oorkoepelende vereniging van Duitse organisasies en enkelinge wat hom die hantering en verteenwoordiging van alle Duitse kulturele strewes ten doel gestel het."

* "...alle Duitse belange en strewes."

71. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.95 Deutscher Bund, Rundschreiben: Rundschreiben no.5/1925, 18.3.1925, s.p.

* "...die Duitse nasionaliteit, die invloed van taal en kultuur in die land te laat geld en om dit te behou wat dit op grond van sy geskiedenis as die eerste ontwikkelaar en ondersteuner van die Kolonie, op grond van sy prestasie en bekwaamheid en op grond van sy getalsterkte - as die sterkste Europese volksgroep - toekom."

beywer vir Duits as 'n derde taal en die oplos van die skoolkwessie, die nedersettingskwessie en die ekonomiese posisie van die ou bevolking. Hulle moes daarbenewens ook die politieke situasie takties benut en hulle dus voorberei vir die verkiesing en meehelp met die opstel van kieserslyste en die indeling van die onderskeie kiesafdelings. [72.]

Die breë basis waarop die Deutscher Bund sou funksioneer, blyk daaruit dat artikel een van sy grondwet so gewysig is dat die organisasie nie net die kulturele strewes van die Duitsers sou bevorder nie. Die Deutscher Bund was dus "die representative Spitzenvertretung der deutschen Vereine und Körperschaften Südwestafrikas und seiner Einzelmitglieder und gibt deren Willen kund." [* 73.]

Die Deutscher Bund het binne sy eerste bestaansjaar gegroei tot 'n invloedryke organisasie. Teen Desember 1925 was dit met een-en-twintig takke en 'n ledetal van 2422 verreweg die grootste Duitse organisasie in Suidwes-Afrika. Die Deutscher Bund het in sy eerste bestaansjaar gepoog om die Duitse belange op elke moontlike terrein te bevorder. [74.]

Die Duitsers was gereed om deel te neem aan die nuwe konstitusionele bedeling en sou deur middel van hulle nuwe bedingingsliggaam 'n groot rol in die belangrike verkiesing van 1926 speel.

---

72. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.93 Deutscher Bund, Protokolle: Tagung am 11. April 1925 zu Windhuk im Deutschen Vereinshaus, pp.2, 7-12.

* "...die hoofverteenwoordiger van die Duitse verenigings van Suidwes-Afrika en sy individuele lede en sou hulle strewes propageer."

73. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.93 Deutscher Bund, Protokolle: Tagung am 11. April 1925 zu Windhuk im deutschen Vereinshaus, bylae: Satzungen des Deutschen Bundes für Südwestafrika, p.1.

74. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.95 Deutscher Bund, Jahresberichte: Jahresbericht des Deutschen Bundes für Süd West Afrika über das Jahr 1925, pp.5,7.